# Inhoud

## Kwartaal 3: Week 21 tot 25



**Storie 1:**

Die groot vragskip .............. 2



**Storie 2:**

Taxi skool toe ..................... 13

EXTRACT PAGES

# Die groot vragskip



Vandag leer die klas oor watervervoer.
Juffrou Klasen vertel vir hulle van vragskepe.
“Weet enige iemand wat ’n vragskip is?” vra Juffrou.
Jan-Harm vertel die klas van sy pa wat met lemoene boer.
Die vragskip vervoer die boere se lemoene oorsee.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

"Ons lemoene gaan met 'n vragskip Amerika toe," sê Jan-Harm.
Donovan wil weet hoe die lemoene op die vragskip kom.
"Die lemoene word gepluk en in kratte gelaai," vertel Jan-Harm.
"Die vragmotors neem dit dan na 'n pakskuur."



EXTRACT PAGES


"Wat gebeur dan?" vra Katrien nuuskierig.
"My oupa ry dan met die vragmotor na die pakstoor in Citrusdal. Ek en my boeties ry baie keer saam," sê Jan-Harm.
"Dit klink na pret!" sê Katrien.





EXTRACT PAGES

"Dis so lekker in die vragmotor saam met my oupa. Hy speel musiek en ons sing saam," vertel Jan-Harm.
Die drie boeties gedra hulle mooi in die vragmotor.
Hulle smul aan hul ma se lekker padkos.
By die pakstoor word die lemoene met die vurkhyser afgelaai.



EXTRACT PAGES

Jan-Harm vertel dat die lemoene dan gewas word.
Die lemoene word in boksies gepak.
Oupa, Jan-Harm en sy twee boeties hou die pakkery dop.
Die werkers sit die boksies op ’n glybaan.



EXTRACT PAGES

Dié mooi lemoene word na Amerika vervoer.
"Net die beste lemoene word uitgevoer,"
sê Jan-Harm.
Sophia luister aandagtig en steek dan haar hand op.
Sy wil weet: "Wat word hierdie lemoene genoem?"
"Ons noem dit uitvoerlemoene," sê juffrou Klasen.



EXTRACT PAGES

Die vragmotor ry met die lemoene na die hawe toe.
Die naaste hawe aan Citrusdal is in Kaapstad.
Daar word die boksies in groot vraghouers gepak.
"Die vraghouers is so koud soos 'n yskas," sê Jan-Harm.
"Hoekom is dit soos 'n yskas?" vra Jurgen.



EXTRACT PAGES

“Die lemoene moet koud gehou word op die skip, anders raak dit vrot,” sê Juffrou. Amerika is baie ver. Dit is ’n hele ander kontinent.
Die vragskip vaar vir weke op die see.




EXTRACT PAGES

Isabelle wil weet waar Amerika is.
Juffrou Klasen wys vir die klas waar Amerika is op die wêreldkaart.
Amerika is 'n baie groot land in Noord-Amerika.
Juffrou gebruik 'n lint om die skip se roete op die wêreldkaart te wys.



Jan-Harm vertel verder: “Daar kan baie vraghouers op ’n vragskip pas.
Die vraghouers word met ’n hyskraan op die vragskip gelaai.”
Nico vra: “Wat is in die ander vraghouers?”
“Ander soorte vrugte en groente,” antwoord Juffrou.

EXTRACT PAGES



“Kry Amerika dan al ons beste vrugte en groente?” vra Anathi.
“Nee,” sê Jan-Harm, “ek het ’n verrassing vir die klas.”
Hy maak ’n boks vol uitvoerlemoene oop.
“Dankie, Jan-Harm!” sê die klas opgewonde.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Weet jy in watter ander stede daar nog hawes is?
2. Hoekom moet die vraghouers baie koud wees?
3. Wat word die beste lemoene genoem?